Afrikaanse Gemeente UAE

Ds Gert Els 050 836 8392
gert@dubaigemeente.com
www.dubaigemeente.com
Jaargang 3 Uitgawe 86

Het jy al ingeskryf vir ons 40 Dae van Gemeenskap?

Kom deel in ons Week van Gebed en ook ons Vasdag: 19:00 Dinsdagaand 13 Jan - 19:00 Woensdagaand 14 Jan

Vanaf (vandag) 9 Januarie tot en met 16 Januarie 2009 is ons jaarlikse ***Week van Gebed*** en dan bid ons veral vir die 40 Dae van Gemeenskap Veldtog en in besonder vir die Afskop (launch) volgende Vrydag 16 Januarie 2009 wanneer die veldtog amptelik begin.

Ons beplan 'n 24 uur vas vanaf Dinsdagaand 19:00 - 19:00 Woensdagaand 14 Januarie en ons nooi die hele gemeente uit om gedurende hierdie 24 Uur te vas. In Deel 4 van ons 50 Dae Gebed vir Herlewing is daar by 13 Janauarie se dagstukkie 'n uitgewerkte deel met riglyne oor vas. 'n Hardekopie formaat is by die deure beskikbaar. Die elektroniese formaat is alreeds aan elkeen ge-eepos.

Ons gaan vas met die oog op die volgende sake:

Dat ***God Sy wil en leiding vir ons gemeente vir 2009*** duidelik sal openbaar en ons dit sal verstaan en gehoorsaam

Dat die Here ***ons jeug se toerusting en opbou in hulle geloof vir 2009*** onder Sy hand sal neem en ons die jeug veral in 2009 op alle vlakke sal bereik

Dat die Here ***ons gesinne en huwelike*** sterker as ooit in Hom sal anker en ons so sal leef.

Dat ons nie moeg word om ook in 2009 **volhardend** ***te bly bid vir herlewing in die UAE*** nie

Dat ons gedurende ons 40 Dae van Gemeenskap en die res van 2009 ***'n kragtige uitstorting en beweging van die Heilige Gees se salwing, Jesus se genade en God se liefde sal sien***

Dat ons ***Engelstalige bediening*** sterker sal groei in 2009

By heelwat persone is daar 'n behoefte om vir 'n week lank te vas. Indien die Here dit op jou hart lê om so te vas kan jy gerus vir Jan Pretorius, wat die vastyd hanteer, skakel op 050 651 4402.

Ons benodig Gashere/vroue!

Gasheer/vrou uitnodiging: Ons nooi jou uit om te kom inskakel by die 40 Dae van Gemeenskap veldtog. Dit is 'n kragtige manier waarop ons ander kan bereik met die Evangelie, self geestelik te groei en God se Naam te verheerlik.

Verlede week het ons mense begin vra om Gasheer (Host) te wees vir 'n **40 Dae van Gemeenskap** kleingroep om in hulle huise te vergader. Ons benodig ten minste 30 persone wat as gashere/vroue

beskikbaar sal wees en ons wil soveel lidmate as moontlik vir die duur van die 6 weke in kleingroep Bybelstudie uit 1 Kor 13 laat deel. Sal jy dit asseblief oorweeg om jou huis vir die 6 weke tydperk vanaf 23 Januarie 2009 beskikbaar te stel? Jy sal jou huis een aand per week beskikbaar maak vir 2-3 ure. Al wat jy moet hê is 'n DVD speler en bereid wees om mense uit te nooi om deel te neem of mense te ontvang wat na jou gestuur word. Die DVD doen al die onderrig en as jy nie gemaklik is om 'n klkeingroep te lei nie sal *ons jou iemand gee wat jou daarmee sal help. Voltooi asseblief die* ***Gasheer-Beskikbaarheidsvorm*** *en plaas dit in die offergawe sakkie of gee dit in by die deure*

Driejarige Gemeente Viering

Ons 40 Dae tydperk eindig met 'n Vieringsnaweek op 27 Februarie 2009. Dit val saam met die viering van ons gemeente se driejarige bestaan. Ons gaan 'n massasaamtrek hê waartydens al die bedieningspunte een gesamentlike diens om 10:00 sal hê . Daarna geniet ons 'n heerlike spitbraai en kuier saam totdat ons klaar is. Ons het die Sharjah bedieningspunt as geleentheid gekies aangesien dit uitnemend geskik daarvoor. Ons het 'n groot saal wat almal sal kan huisves, swemgeriewe, klim en klouter aparaat vir die kinders en 'n baie geskikte kuierplek.

Kom skakel in by 'n selgroep

Vir 6 weke gaan die selgroepe onder leiding van gashere/-vrouens regdeur die gemeente, weekliks bymekaar kom.

Die kleingroep ervaring vorm die HART van die 40 Dae. Daarom vra ons dat jy met oorgawe deel sal word van 'n kleingroep vir die duur van die 40 Dae tydperk.

Almal in bestaande selgroepe, gaan vanaf 23 Januarie 2009 met die werkboek "SAAM *IS ONS BETER* - Wat *op aarde maak ons hier?"* besig wees. In ses weeklikse sessies gaan ons 1 Kor 13 bestudeer en bespreek. **Ons nooi uit om te kom aansluit by "40 Dae" groep. Indien jy nog nie ingeskakel het nie vra ons jou om asseblief die megaande *Selgroep Inskakeling* vorm te voltooi.** Met die inligting tot ons beskikking sal ons jou by 'n groep inskakel wat jou die beste pas (ouderdomsgewys, blyplek, beskikbare tyd ens.).

Nooi ook ander mense uit!

Kan ander mense ook genooi word? Asseblief! Hierdie is saak is integraal aan ons 40 Dae van Gemeenskap en is 'n groot uitdaging vir die volgende drie weke. Nooi asseblief enige ander persoon of gesin uit, dit maak nie saak aan watter kerk hulle behoort nie, want hierdie is nie **'n kerk-saak** nie, dit is **'n God-saak**

ONTHOU OM VOLGENDE VRYDAG die DIE AFSKOP(LAUNCH) VAN ONS 40 DAE VAN GEMEENSKAP BY TE WOON.
DIT IS 'N VOLGEPAKTE EN WONDERLIKE EREDIENS. NOOI OOK JOU ENEGELSE VRIENDE UIT AANGESIEN 'N GROOT DEEL IN ENGELS GAAN WEES.

Afrikaanse Gemeente UAE

SELGROEP-BEDIENING en BIDURE

Sondagaaand

- Aan huis van **Calvyn en Manda Hamman in Um Suqeim.** Dit is in 26E Street, No. 129, Al Safa Village 3. Kontaknommer is 04 - 342 0802. Tyd is 19:30
- Aan huis van **Jan-Louis en Obri Oosthuizen Springs12**. Dit is in Straat 1, Villa no 43. Kontaknommer is 04 361 4298. tyd is 19:00.

Mirdif

- Aan huis van **Leon en Helmien** Straat 87c Villa no 4, Leon 50-4568475 en Helmien 050-4568478. Tyd is 19:00

Maandagaand

- Aan huis van **Nicky** in die **Gardens 13**, onderste vloer no 6 Kontaknommer Nicky 050 467 3122. Tyd is 19:30
- Nog 'n **Springs groep** is by **Basie . Hulle vergader** om die beurt by verskillende huise. Dis 'n jonger groep en kontak besonderhede is as volg. Basie 0502533196

Mirdif

- Aan huis van **Riaan en Petro**. Kontakbesonderhede, **Straat 83, Villa 5, Mirdif**. Riaan 050-6401082 en Petro 050-050-4359406

Abu Dhabi

- Kontak **Leon Misselhorn,** indien u wil inskakel of mense verwys op 050 674 9133. Tyd is 19:00

Dinsdagaand

- Aan huis van **Piet en Carlien Vorster** in **Al Quasais** in die Fatima Ebrahim gebou nr 108. (Pienk gebou) regoor die Emirates College naby die Dubai Womens College en ook die Diyafa School. Daar is nie 'n naam op die gebou nie. Kontaknommer is 050 5989351

Al Ain

- By Oasis op Dinsdae aande vanaf 18H30. Dit is 'n groep vir ouers met kinders. Kontak Danie Esterhuyse 050 6162240

Woensdagaand

Al Ain

- Kontak **Erich Ipland,** indien u wil inskakel of mense verwys, sy kontaknommer is op 050 812 3016. Tyd is 19: 30
- Kontak **Annatjie Venter** indien jy by die verpleegsters se selgroep wil inskakel. Haar kontaknommer is 050 5330829
- Kontak **Manie** Villa 1 Straat 6, Alkhabisi. Kontaknommer is 050 813 5292 Tyd 19:00

Dinsdagaand Biduurgroep

- Aan huis van **Yolande Rass** in ***Arabian Ranches Al Reem 3, Villa 135, Straat 1.*** Kontakno 050 886 8053 Tyd 19:30

Woensdagaand Biduurgroep

- Aan huis van **Jan en Sharon Pretorius** in **Meadows 7, Straat 2, Villa 18.** Kontaknommer is Sharon by 050 6514407. Tyd is 19:00.
- Aan huis van Linda en Gerhard in **Meadows 9, Straat 14, Villa 43** vir mense wat Egelstalig wil bid. Kontaknommer is Linda 055 831 7457. tyd is 19:00

Abu Dhabi

- Kontak **Piet en Sandra Furstenburg,** Villa 58, Seashore Villas, Abu Dhabi (langs Spinneys by Mangrove Village). Kontaknommer vir Sandra is 050 734 4052 Tyd is 19:00

Donderdagoggend Jeugbiduur om 10:00. Bidgroep **vir die jeug** by Ds Gert in Springs 3 Skakel Ds Gert op 0508368392